Access fun Grade 8–12 quizzes, matric past papers, K53 learner mock tests, and NBT prep!

All in one easy-to-use app.

DOWNLOAD GO STUDY NOW

Download on the App Store

GET IT ON Google Play

Tap on the buttons above to download the app

www.gostudy.club

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 11

NOVEMBER 2019

GEOGRAFIE V1

PUNTE: **225**

TYD **3 uur**

IGEOGA1

Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye.

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER vrae.
2. Beantwoord ENIGE DRIE vrae van 75 punte elk.
3. Alle diagramme is in die BYLAE ingesluit.
4. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
5. Laat ŉ reël oop tussen onderafdelings van vrae wat beantwoord word.
6. Begin ELKE vraag op ŉ NUWE bladsy.
7. Moet NIE in die kantlyn van die ANTWOORDEBOEK skryf NIE.
8. Die puntetoekenning is soos volg: (2 x 1) (2) beteken dat TWEE feite vir EEN punt elk verwag word
   (2 x 2) (4) beteken dat TWEE feite vir TWEE punte elk verwag word
9. As woorde/aksiewerkwoorde soos **Noem**, **Identifiseer**, **Verskaf**, **Klassifiseer** in ŉ vraag gebruik word, is EENwoord-antwoorde aanvaarbaar.
   As woorde/aksiewerkwoorde soos **Bespreek**, **Definieer**, **Verduidelik**, **Lewer Kommentaar**, **Evalueer**, **Regverdig**, **Stel voor** en **Staaf** in ŉ vraag gebruik word, word VOLSINNE of frases verwag.
   Alle paragraafvrae moet in VOLSINNE beantwoord word.
10. Skryf netjies en leesbaar.

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

AFDELING A: KLIMATOLOGIE EN GEOMORFOLOGIE

VRAAG 1

1.1 Kies 'n term in KOLOM B wat by die klimatologiese beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–I) van jou keuse langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.9 J.

KOLOM A		KOLOM B	
1.1.1	Die hoek van die aardas soos die aarde roteer	A	omwenteling
1.1.2	Beweging van die aarde rondom die son	B	wentelbaan
1.1.3	Inkomende sonstraling	C	ewening
1.1.4	Die roete wat die aarde rondom die son beweeg	D	insolasie
1.1.5	Bestraling vanaf die aarde	E	terrestriële radiasie
1.1.6	As die een halfrond na die son gekantel is op 21 Desember	F	breedtelyn
1.1.7	Wanneer nie een van die halfronde na die son of weg vanaf die son gekantel is nie	G	parallellisme
1.1.8	Die lyn tussen die ligte en donker helftes van die aarde	H	sirkel van verligting
		I	sonstilstand

(8 x 1) (8)

1.2 Verwys na FIGUUR 1.2 wat hellingelemente toon. Pas die beskrywings hieronder by die hellingselemente **A**, **B**, **C** of **D**. Kies die antwoord en skryf slegs die letter **A**, **B**, **C** of **D** langs die vraagnommers (1.2.1–1.2.7) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.2.8 A. Jy mag dieselfde letter meer as een keer kies.

1.2.1 Hierdie hellingelement het gewoonlik 'n konvekse vorm

1.2.2 Die steilste hellingelement

1.2.3 Knakpunte vorm op die basis van hierdie hellingelement

1.2.4 Die hoek is 40° en min plantegroei kom daarop voor

1.2.5 Die vorm van die helling element is konkaaf

1.2.6 Die geleidelike gradiënt van hierdie hangelement is geskik vir boerdery en nedersettings

1.2.7 Hierdie hellingelement staan oor die algemeen bekend as die talus, scree of puinhang (7 x 1) (7)

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

1.3 FIGUUR 1.3 toon ʼn moesonwind.

1.3.1 Waarom is ʼn moesonwind ʼn voorbeeld van ʼn streekswind? (1 x 1) (1)

1.3.2 Waarom word daar na moesonwinde as seisoenale winde verwys? (1 x 2) (2)

1.3.3 Bespreek die rol wat die Himalaja-gebergtes in die wintermoeson speel. (2 x 2) (4)

1.3.4 Hoe ontwikkel die somermoeson? (2 x 2) (4)

1.3.5 Verduidelik die negatiewe impak wat die somermoeson op die mense van Indië het. (2 x 2) (4)

1.4 Verwys na die strokiesprent in FIGUUR 1.4 wat droogte in Kaapstad uitbeeld.

1.4.1 Wat is ʼn *droogte*? (1 x 1) (1)

1.4.2 Watter bewyse in die strokiesprent stel voor dat Kaapstad ʼn hidrologiese en ʼn meteorologiese droogte ervaar? (2 x 1) (2)

1.4.3 Verduidelik hoe ʼn hidrologiese droogte landbou tekorte kan veroorsaak. (2 x 2) (4)

1.4.4 In ʼn paragraaf van ongeveer AGT reëls, stel moontlike strategieë voor wat die munisipaliteit van Kaapstad kan implementeer om te verhoed dat Kaapstad in die toekoms watertekorte ervaar. (4 x 2) (8)

1.5 Bestudeer FIGUUR 1.5 **A** en **B** wat topografie wat met massiewe stollingsgesteentes geassosieer word, illustreer.

1.5.1 Wat is die verskil tussen *intrusiewe* en *ekstrusiewe stollingsgeteentes*? (2 x 1) (2)

1.5.2 Identifiseer stollingslandvorme **X** en **Y**. (2 x 1) (2)

1.5.3 Hoe ontstaan landvorm **X**? (2 x 1) (2)

1.5.4 Noem TWEE kenmerke sigbaar in skets **A**, wat tipies van ʼn batoliet is. (2 x 1) (2)

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

1.5.5 Verwys na foto **B,** 'n koepelvormige landvorm.

(a) Watter tipe stollingsgesteente is kenmerkend van hierdie koepelvormige landvorm? (1 x 1) (1)

(b) Is hierdie koepelvormige landvorm 'n voorbeeld van 'n intrusiewe of ekstrusiewe stollingsgesteente? (1 x 1) (1)

(c) Noem die tipe verwering wat op hierdie koepelvormige landvorm voorkom. (1 x 1) (1)

(d) Verduidelik hoe hierdie koepelvormige landvorm ontstaan het. (2 x 2) (4)

1.6 FIGUUR 1.6 toon hellingterugtrekking wat 'n teorie van hellingontwikkeling is.

1.6.1 Noem die Suid-Afrikaner wat die teorie van helling/parallel-terugtrekking geformuleer het. (1 x 1) (1)

1.6.2 Gee bewyse om voor te stel dat die teorie van helling/parallel-terugtrekking op die skets aangetoon word. (2 x 1) (2)

1.6.3 Bespreek die rol wat 'n verskil in klimaat kan speel in die bepaling van die verskillende teorieë van hellingontwikkeling. (2 x 2) (4)

1.6.4 Skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls om te verduidelik hoe die teorie van hellingafname met die teorie van hellingterugtrekking verskil. (4 x 2) (8)

[75]

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

VRAAG 2

2.1 Kies 'n term in KOLOM B wat by die klimatologiese beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–H) van jou keuse langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.7) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 2.1.8 J.

KOLOM A		KOLOM B	
2.1.1	Hierdie krag deflekteer winde na links in die suidelike halfrond	A	verwoestyning
2.1.2	Dit is 'n teoretiese wind wat die resultaat van 'n presiese balans tussen twee kragte is	B	Mediterreens
2.1.3	'n Warme, droë wind, wat by die Rotsgebergtes van Amerika daal	C	woestyn
2.1.4	Warm, droë somers en koel, nat winters beskryf hierdie klimaatstreek	D	coriolis
2.1.5	Word deur menslike aktiwiteite en klimaatverandering veroorsaak	E	drukgradiënt
2.1.6	Die krag wat veroorsaak dat lug vanaf 'n hoogdruk na 'n laagdruk beweeg	F	Chinook
2.1.7	Hoë daaglikse temperatuurspeling, met baie min reënval beskryf hierdie klimaatstreek	G	Savannah
		H	geostrofies

(7 x 1) (7)

2.2 Verwys na FIGUUR 2.2 wat 'n cuesta en 'n hogsback illustreer. Pas elk van die onderstaande beskrywings by skets **A** of **B**.

2.2.1 Kan in 'n koepel of bekken vorm

2.2.2 Dit het 'n steil eskarphelling en 'n geleidelike duikhelling

2.2.3 Die eskarphelling is meer as 45°

2.2.4 Dit is 'n geskikte ligging vir damme

2.2.5 'n Voorbeeld van hierdie rug kan by Alice in die Oos-Kaap gevind word

2.2.6 Die geleidelike duikhelling kan vir boerdery gebruik word

2.2.7 Bestaan uit steil skuins rotslae

2.2.8 Gevorm deur geleidelik gekantelde rotslae (8 x 1) (8)

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

2.3 Bestudeer FIGUUR 2.3 wat met die El Niño -gebeurtenis verband hou.

2.3.1 Wat is die *El Niño-gebeurtenis*? (1 x 1) (1)

2.3.2 Noem die volgende vanaf die sketse:

(a) Die globale winde by **A**. (1 x 1) (1)

(b) Die lugsirkulasie-sel by **B**. (1 x 1) (1)

2.3.3 Verduidelik hoe die El-Niño-gebeurtenis ontwikkel. (2 x 2) (4)

2.3.4 Bespreek die invloed van die koue water by **C** op die vissery-industrie van die weskus van Suid-Amerika. (2 x 2) (4)

2.3.5 Beskryf hoe die El-Niño-gebeurtenis die akkerbou aan die oostelike dele van Australië beïnvloed. (2 x 2) (4)

2.4 FIGUUR 2.4 toon ŉ diagram van die driesel-rangskikking.

2.4.1 Wat is *globale winde*? (1 x 1) (1)

2.4.2 Noem die verhouding tussen globale winde en die driesel-rangskikking. (1 x 2) (2)

2.4.3 Bespreek hoe corioliskrag die horisontale beweging in die skets affekteer. (2 x 2) (4)

2.4.4 In ŉ paragraaf van ongeveer AGT reëls, beskryf hoe die sirkulerende selle tussen die ewenaar en die pole ontwikkel. (4 x 2) (8)

2.5 Bestudeer FIGUUR 2.5, ŉ foto van rotsstortings wat ŉ tipe massabeweging is.

2.5.1 Wat is *massabeweging*? (1 x 1) (1)

2.5.2 Noem enige EEN faktor sigbaar op die foto wat massabeweging bevorder. (1 x 1) (1)

2.5.3 Watter bewyse op die foto dui aan dat rotsstortings voorgekom het? (1 x 1) (1)

2.5.4 Hoe verskil rotsstortings van grondverskuiwings met betrekking tot die bewegingspoed? (1 x 2) (2)

2.5.5 Stel TWEE redes voor waarom rotsstortings as gevaarlik vir menslike aktiwiteite beskou word. (2 x 2) (4)

2.5.6 Bespreek strategieë wat geïmplementeer kan word om die effek van rotsstortings te verminder. (3 x 2) (6)

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

2.6 FIGUUR 2.6 toon twee verskynsels van die Karoo-landskap wat met horisontaalliggende gesteentes geassosieer word.

2.6.1 Pas die tipes Karoo-landskap (butte en mesa) by die volgende stellings:

(a) Plat kruin het ŉ groter breedte as hoogte (1 x 1) (1)

(b) Plat kruin het ŉ groter hoogte as breedte (1 x 1) (1)

2.6.2 Waarom het beide hierdie landvorme steil, konkawe hellings? (1 x 1) (1)

2.6.3 Beskryf die kaprots van hierdie landskappe. (1 x 2) (2)

2.6.4 Verduidelik die betekenis van die kaprots op hierdie landskappe. (1 x 2) (2)

2.6.5 In ŉ paragraaf van ongeveer AGT reëls, verduidelik hoe topografie geassosieer met horisontaalliggende gesteentes voordelig en ook ŉ struikelblok vir menslike aktiwiteit kan wees. (4 x 2) (8)

[75]

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

AFDELING B: ONTWIKKELINGSGEOGRAFIE EN HULPBRONNE EN VOLHOUBAARHEID

VRAAG 3

3.1 Pas die onderstaande ontwikkelingsmodelle by die beskrywing wat daarop volg. Kies die antwoord en skryf slegs die naam van die korrekte model langs die vraagnommer (3.1.1– 3.1.8) in jou ANTWOORDEBOEK neer.

KERN-PERIFERIE	VRYEMARK	VOLHOUBAARHEID

3.1.1 Hierdie model sluit die ekonomie, gemeenskap en omgewing in

3.1.2 Friedman het hierdie model ontwikkel en dit kan op verskillende skale toegepas word

3.1.3 Lande moet deur vyf fases van ontwikkeling in hierdie model gaan

3.1.4 Hoë massaverbruik word gesien as die uiteindelike doelwit van hierdie model

3.1.5 Hierdie model is miskien die mees inklusiewe van al drie modelle deesdae

3.1.6 ŉ Hoofstad met ŉ hawe en industrieë is sentraal in hierdie model

3.1.7 Modernisering en kapitalisme is kenmerkend van hierdie model

3.1.8 Een van die veronderstelde sterk punte van hierdie model is dat ekonomiese ontwikkeling sal versprei (8 x 1) (8)

3.2 Kies ŉ term in KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–H) van jou keuse langs die vraagnommer (3.2.1–3.2.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 3.2.8 J.

KOLOM A		KOLOM B	
3.2.1	Kan nie vervang word as uitgeput is nie	A	Kioto-protokol
3.2.2	ŉ Tipe besoedeling wat plantlewe kan verswak of doodmaak	B	hulpbron
3.2.3	ŉ Mineraal wat gebruik word om kernkrag op te wek	C	nie-hernieubaar
3.2.4	Water, lug en sonenergie is voorbeelde van hierdie tipe hulpbron	D	hernieubaar
3.2.5	Hoeveelheid koolstofdioksied wat deur ŉ persoon in die atmosfeer vrygestel word	E	radio-aktiewe afval
3.2.6	ŉ Ooreenkoms om die aantal kweekhuisgasse te verminder	F	koolstofvoetspoor
3.2.7	Materiaal of ŉ produk wat mense nuttig vind	G	uraan
		H	suurrreën

(7 x 1) (7)

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

3.3 Bestudeer FIGUUR 3.3 wat ’n spotprent oor ontwikkelingshulp aantoon.

3.3.1 Wat is *ontwikkelingshulp*? (1 x 1) (1)

3.3.2 Noem enige vorm van ontwikkeling wat tussen lande uitgeruil kan word. (1 x 1) (1)

3.3.3 Verteenwoordig die man by **A** 'n ontwikkelde land (MDC) of 'n ontwikkelende land (LDC)? (1 x 1) (1)

3.3.4 Stel ’n moontlike rede vir jou antwoord by VRAAG 3.3.3 voor. (2 x 1) (2)

3.3.5 Bespreek waarom hierdie strokiesprent ’n voorbeeld van voorwaardelike ontwikkelingshulp is. (1 x 2) (2)

3.3.6 In ’n paragraaf van ongeveer AGT reëls, verduidelik waarom tegniese ontwikkelingshulp meer voordele vir ontwikkelende lande (LDC) inhou. (4 x 2) (8)

3.4 FIGUUR 3.4 is ’n infografika wat die afhanklikheid van Sub-Sahara lande op Chinese handel, aantoon.

3.4.1 Definieer die term *uitvoer-gedrewe ontwikkeling*. (1 x 1) (1)

3.4.2 Wat word meestal deur China ...

(a) vanaf sub-Sahara Afrika ingevoer? (1 x 1) (1)

(b) na sub-Sahara Afrika uitgevoer? (1 x 1) (1)

3.4.3 Lewer kommentaar oor die verhouding tussen Suid-Soedan en Angola aangaande hulle handelsblootstelling aan China. (1 x 2) (2)

3.4.4 Beskryf die handelsverhouding tussen sub-Sahara Afrika en China in 2010 en 2016 onderskeidelik. (2 x 2) (4)

3.4.5 Verduidelik hoe invoervervanging (ontwikkeling van industrieë) die plaaslike ekonomie van sub-Sahara lande sal bevoordeel. (3 x 2) (6)

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

3.5 Lees die uittreksel in FIGUUR 3.5 wat na Eskom en beurtkrag verwys.

3.5.1 Wat is *beurtkrag*? (1 x 1) (1)

3.5.2 Volgens die uittreksel, stel TWEE moontlike oorsake van beurtkrag voor. (2 x 1) (2)

3.5.3 Hoe benadeel die kragstasies (foto) die omgewing? (2 x 2) (4)

3.5.4 Waarom is Suid-Afrika so afhanklik van steenkool as ŉ vorm van elektrisiteit? (2 x 2) (4)

3.5.5 Verduidelik waarom die vermindering van die land se steenkoolafhanklikheid ŉ negatiewe uitwerking op die ekonomie sal hê. (2 x 2) (4)

3.6 FIGUUR 3.6 toon illustrasies oor grondbewaring.

3.6.1 Wat is *gronderosie*? (1 x 1) (1)

3.6.2 Noem die strategieë wat gebruik word om gronderosie by **A** en **B** te verminder. (2 x 1) (2)

3.6.3 Verduidelik hoe die roterende strategie by **C** sal help om gronderosie te verminder. (2 x 2) (4)

3.6.4 In ŉ paragraaf van ongeveer AGT reëls, bespreek redes waarom grondbestuur belangrik vir boere is. (4 x 2) (8)

[75]

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

VRAAG 4

4.1 Kies 'n term in KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–H) van jou keuse langs die vraagnommer (4.1.1–4.1.7) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 4.1.8 J.

KOLOM A		KOLOM B	
4.1.1	'n Ekonomiese aanwyser wat lewens-verwagting en opvoedingsvlak kombineer	A	bruto binnelandse produk
4.1.2	Die totale waarde van alle goedere en dienste wat binne 'n jaar deur 'n land geproduseer word, insluitende buitelandse verdienste	B	betalingbalans
4.1.3	Die indeks wat die mate van ongelykheid tussen mans en vroue in 'n land aandui	C	handelsbalans
4.1.4	Die verhouding tussen die waarde van 'n land se invoere en uitvoere	D	Gini-koëffisiënt
4.1.5	Finansiële opsomming van alle betalings wat deur 'n land gemaak is	E	bruto nasionale produk
4.1.6	Die totale waarde van goedere en dienste geproduseer binne die grense van 'n land in 'n jaar	F	geslagsgelykheid-indeks
4.1.7	'n Ekonomiese aanwyser waar 'n telling van 1 algehele ongelykheid in 'n land aantoon	G	demografiese aanduider
		H	menslike ontwikkelings-indeks

(7 x 1) (7)

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

4.2 Verwys na FIGUUR 4.2 oor verskillende nie-konvensionele energiebronne. Pas die beskrywings hieronder by een van die energiebronne. Jy mag meer as een keer 'n bron van energie gebruik. Kies die antwoord en skryf slegs die korrekte bron van energie langs die vraagnommer (4.2.1–4.2.8) in die ANTWOORDEBOEK neer.

4.2.1 Energie wat uit natuurlike organiese materiaal gevorm word

4.2.2 Hierdie energiebron is onbetroubaar op kalm dae

4.2.3 Fotovoltaïese panele omskep die son se lig in elektrisiteit

4.2.4 Energie wat van onder die aardoppervlak afkomstig is

4.2.5 Hierdie tipe energiebron kan voedseltekorte veroorsaak

4.2.6 Die Noord-Kaap in Suid-Afrika is een van die beste plekke vir hierdie energiebron

4.2.7 Hierdie energiebron kan akwatiese (water) ekosisteme beskadig

4.2.8 Die nadeel van hierdie energiebron is dat dit die voëllewe op die platteland bedreig (8 x 1) (8)

4.3 Bestudeer FIGUUR 4.3 wat 'n strokiesprent oor handelsverhoudings aantoon.

4.3.1 Definieer 'n *handelsversperring*. (1 x 1) (1)

4.3.2 Noem TWEE voorbeelde van handelsversperrings. (2 x 1) (2)

4.3.3 Waarom, dink jy, wil die man by **A**, 'Weg met handelsversperrings' hê? (2 x 1) (2)

4.3.4 Waarom protesteer die groep mense by **B** teen die verwydering van handelsversperrings? (2 x 1) (2)

4.3.5 In 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls, bespreek die positiewe impak wat regverdige handel op 'n ontwikkelende land sal hê. (4 x 2) (8)

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

4.4 FIGUUR 4.4 toon globalisering.

4.4.1 Definieer die term *globalisering*. (1 x 1) (1)

4.4.2 Noem EEN voordeel wat globalisering aan migrante bied. (1 x 1) (1)

4.4.3 (a) Waarvoor staan die afkorting MNK? (1 x 1) (1)

(b) Noem TWEE voorbeelde van MNK's wat in FIGUUR 4.4 uitgebeeld word. (2 x 1) (2)

(c) Lewer kommentaar op die verhouding tussen globalisering en MNK's. (1 x 2) (2)

(d) Verduidelik hoe ontwikkelende lande voordeel kan trek uit MNK's wat in hul land gevestig is. (2 x 2) (4)

4.4.4 Hoe kan die ekonomiese effekte van globalisering die omgewing benadeel? (2 x 2) (4)

4.5 Lees die inligting oor die Groen Ekonomie in FIGUUR 4.5.

4.5.1 Definieer die term *Groen Ekonomie*. (1 x 1) (1)

4.5.2 Lewer kommentaar op die verhouding tussen die Groen Ekonomie en volhoubare ontwikkeling. (1 x 2) (2)

4.5.3 Bespreek TWEE veranderinge wat in ons huidige gebruik van energiebronne geïmplementeer kan word om ons ekonomie groener te maak. (2 x 2) (4)

4.5.4 In 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls, verduidelik hoe die Departement van Omgewingsake nywerhede kan aanmoedig om deel van die Groen Ekonomie te word. (4 x 2) (8)

4.6 Verwys na FIGUUR 4.6 wat kernkrag as 'n energiebron illustreer.

4.6.1 Is kernkrag 'n voorbeeld van 'n *konvensionele* of 'n *nie-konvensionele* energiebron? (1 x 1) (1)

4.6.2 Verskaf 'n rede vir jou antwoord by VRAAG 4.6.1. (1 x 1) (1)

4.6.3 Haal bewyse uit die tekenprent aan wat aandui dat die man teen die afbreek van die kernkragsentrale gekant is. (1 x 1) (1)

4.6.4 Onderskei tussen *fossielbrandstof* en *kernkrag* aangaande hulle kweekhuisgasvrystelling. (1 x 2) (2)

4.6.5 Bespreek TWEE redes waarom fossielbrandstof se pryse hoog is. (2 x 2) (4)

4.6.6 Verduidelik DRIE voordele vir die ekonomie van 'n land, wat kernkrag gebruik. (3 x 2) (6)

[75]

TOTAAL: 225

Kopiereg voorbehou

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore